## GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**NASIONALE TESOURIE**

**NO. 187** **18 FEBRUARIE 2016**

**PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN "DIVISION OF REVENUE BILL" VIR 2016/2017 FINANSIëLE JAAR**

Die Minister of Finansies beoog om die "Division of Revenue Bill" ("die Wetsontwerp") in die Nasionale Vergadering op 24 Februarie 2016 in te dien. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ingevolge Reël 241(1)(c) van die Reëls van die Nasionale Vergadering gebubliseer.

Die Wetsontwerp stel voor om voorsiening te maak vir—

- die billike verdeling tussen die nasionale, provinsiale en die plaaslike regeringsfeer van inkomste wat nasionaal vir die 2016/17 finansiële jaar ingevorder word;
- die bepaling van elke provinsie se billike deel van die provinsiale deel van daardie inkomste;
- enige ander toekennings aan provinsies, plaaslike regering of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, en voorwaardes waarop daardie toekennings gedoen kan word; en
- aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

'n Afrskrif van die Wetsontwerp kan op die Department se webblad by http://www.treasury.gov.za na indiening van die Wetsontwerp op 24 Februarie 2016 verkry word, en ook die volgende persoon te kontak: Mnr A Hendricks, Parlement, Posbus 15, Kaapstad, 8000, Telefoonnr: 021 403 8223.